

Inhoud Matteus wys ons wie is Jesus deur twee verskillende soorte etes naas en teenoor mekaar te stel. 'n Wêreldheerser se verjaarsdagfees teenoor 'n aandete wat die Here Jesus aan 'n skare van 15000 honger mense gee. Twee Heersers wys hulle mag deur twee verskillende soorte etes. Die heersers van die wêreld vier hulle mag van begunstiging met fees etes maar Christus gee ons ons daaglikse brood.

Skriflesing Matteus 14: 1 - 21

Teks Matteus 14: 19 "Hy het die vyf brode en twee vissies geneem, na die hemel opgekyk en die seën uitgespreek. Hy het dit gebreek, vir die dissipels gegee en die dissipels weer vir die skare.

Tema Ons leef in Christus se sorg, nie die wêreld se guns nie.

1. Matteus wys ons wie is Jesus deur twee verskillende soorte etes naas en teenoor mekaar te stel. 'n Wêreldheerser se verjaarsdagfees teenoor 'n aandete wat die Here Jesus aan 'n skare van 15000 honger mense gee. Twee Heersers wys hulle mag deur twee verskillende soorte etes.

Die Here Jesus gee brood en vis, mense se daaglikse brood as aandete. Die hoofgereg van die wêreldheerser is die kop van die profeet van die Here, Johannes die Doper.

Ons mag nie die bedoeling van Herodias, die heerser Herodus Antipas se vrou hier of miskyk of onderskat nie. Haar bedoeling was duidelik in haar eis wat sy deur haar dogter Salome aan haar man stel. Bring my hier! Hier op die verjaarsdagviering as deel van die verjaarsdagviering. Op 'n skinkbord! Dit is 'n opskepbak. 'n Opskepbak soos al die ander opskepbake wat op die tafels met keuse geregte opgedis is vir die belangrike gaste.

Op hierdie wyse maak Herodias van Johannes die Doper se kop op 'n opskepbak die hoofgereg van die feesviering. Die viering van die moord van die profeet van die Here is die hoogtepunt van die verjaardagete.

2. Hoe was dit vir Herodias moontlik om op hierdie feesete, wat eintlik niks anders as 'n staatsbanket is nie, die moord van die profeet aan die koning en al die gaste op te dis?

Want dit pas presies in, en word eintlik dan die hoogtepunt van die bedoeling van hierdie staatsbanket: om met snaakse kossoorte, koninklike disse, uitspattige geregte, keurige wyn en erotiese danse die absolute mag van die wêreldheerser, Herodus Antipas, te demonstreer.

'n Ete wat die mag van gunste en gawes vertoon. Jy moet die guns van die vors wen met gediensigheid en onderdanigheid en dan sal hy jou met die gawes van sy koninkryk beloon. Die tipe absolute mag wat só werk: "Ek kan jou gee wat jy begeer! Dit is mos vandag nog die drif van alle politieke verkiesings en magsvorming: "Ek kan jou gee wat jy begeer."

Ons leef in Christus se sorg, nie die wêreld se guns nie

Die erotiese Oosterse dans van Salome voor haar stiefpa en al die gaste is 'n wesenlike deel van die magsvertoon van hierdie fees, en nie sommer net 'n musiekitem tydens 'n verskeidenheidskonsert nie. Haar erotiese dans is juis 'n vertoning met haar liggaam: "Ek kan jou gee wat jy begeer."

3. Die Herodus-familie is 'n tipiese disfunksionele familie van 'n magselite. Hulle geskiedenis is buite die Bybel goed opgeteken deur die Joodse geskiedskrywer Josefus. Herodus Antipas het met sy broer Filippus ook 'n wêreldheerser, se vrou Herodias, 'n buite-egtelike verhouding gehad. Hy het sy vrou geskei en met sy broer se vrou getrou. Salome, die danseres was sy stiefdogter. Herodias se broer, Agrippa het die guns van die keiser en Rome geniet wat hom met meer eer en mag as haar man Herodus beklee het. Sy was diep afgunstig hieroor en wou dat haar man ook die selfde eer, mag en weelde moet kry as haar broer. Binne hierdie drifte van magsug, naywerigheid, gierigheid, ydelheid en selfsugtigheid vier hulle hierdie staatsbanket.

Herodus word driftig deur sy stiefdogter se dans en verklaar sy mag teenoor haar vertoning: "Ek kan jou gee wat jy begeer." Gunste en Gawes!

Wat bring 'n mens in onguns in só 'n gemeenskap?

Die Woord van God deur sy profeet Johannes die Doper! Hy het Herodus en Herodias gereeld en in die openbaar aangespreek dat hulle liefde vir mekaar sonde is. Hierdie Woord van God het die magsbasis van hulle lewenshouding aangetas: "Ek kan vat wat ek begeer en gee wat jy begeer."

In die onguns van hierdie magtiges stroop hulle Johannes van alles wat hulle kan. Hulle sit hom in die tronk sonder dat hy enige misdaad gepleeg het en onthoof hom sonder dat hy enige kriminele oortreding begaan het.

Hierdie moord word die vertoonstuk van mag op hierdie feesete. Die gaste sou gelag, geil en geskater het om Herodus se guns te wen omdat hy sy vyand, die profeet van God, vermoor het.

So word moord die hoofdis van hierdie fees.

5. Teenoor hierdie fees-ete van wêreldheersers staan die aandete wat die Here Jesus aan die skare gee.

Sy kelners probeer eers die mense wegkry omdat daar nie kos in hierdie verlate plek is nie. Die Here se kelners, die dissipels, dra nie koninklike disse op nie. Hulle het niks kos om vir die skare te gee nie. Die Here Jesus vat die karige 5 brode en 2 vissies wat beskikbaar is. Dan doen hy die tafelgebed by die aandete en gee vir 15000 mense hulle daaglikse brood.

Wat openbaar die Here met sy aandete?

Die geestelikheid van hierdie wêreld wil van die Here hulle bedieningsmodel maak wat hulle kan na-aap. Die ironie is dat hulle net van die Here se genesing wonders

Ons leef in Christus se sorg, nie die wêreld se guns nie

hulle eie geestelike bediening maak. Niemand het nog ooit van die Here se vermeerdering van brood en vis hulle kosbediening aan die massa gemaak nie. Niemand het 'n water in wyn verander bediening, 'n loop-op-die -water bediening of 'n opwekking uit die dood bediening nie. Hulle wil net die Here se genesings hulle eie mag maak.

In hierdie vermeerdering van brood en vis stel die Here nie 'n voorbeeld van 'n geestelike bediening nie. Hy openbaar Homself as die Here wat ons ons daaglikse brood gee. Net soos Hy in die verlate woestyn vir sy volk hul daaglikse brood met manna en kwartels gegee het, net so gee hy vir die sake van 15000 brood en vis.

Die Here Jesus is nie 'n wêreldheerser van voedselvoorsiening beheer nie. Hy is god wat voedsel skep. Voedsel vir 15000 mense met 5 brode en 2 vissies. So openbaar die Here Jesus Hy is God wat die son geskep het en die son bestuur om dag en nag te gee – die basis vir alle voedsel op aarde. Hy is God wat water en grond geskei het en water deur wolke, hoogdrukstelsels en seestrome bestuur wat alle lewe onderhou en voedsel skep. Hy is god wat alle plante en diere as voedsel vir mense geskep het.

So openbaar die Here homself in die aandete wat Hy skep – Hy is die Here wat elke mens hul daaglikse brood gee.

6. In hierdie aandete openbaar die Here Jesus dit wat in die Woord van God gestel word as “goedertierenheid”. Die Here is innig jammer vir die mense in hul nood. Hierdie “innig” jammer is nie sommer maar net simpatie nie maar die Here Jesus se “goedertierenheid” van God. In die 2020 vertaling is “goedertierenheid” nou vertaal as “troue liefde.” (Num. 14:19) Die innige jammerte van die Here gaan oor sy goedhartige sorg en sorgsame goedheid as God.

Dit is in goedhartige sorg en sorgsame goedheid dat die Here Jesus ons sondes op Hom neem aan die kruis dat Hy as die Goeie Herder sy lewe vir sy skape aflê in die om die toorn van God teen sonde te dra. (Mat.26: 31)

Dit is met dieselfde sorgsame liefde en liefdevolle sorg waarmee die Here ons sondes in ons plek dra dat Hy vir ons ons daaglikse brood gee.

Wat is die voedsel probleem in die wêreld?

Dit is nie dat die Here alles doen om ons ons daaglikse brood te gee nie. Die Here voorsien vrugbaarheid, water, sonlig en lewe so in oorvloed in Zimbabwe dat hulle vir die wêreld 'n voedselskuur kan wees. Net in die Oekraïne voorsien die Here soveel sorgsame liefde dat die hele wêreld met graan gevoed kan word uit hierdie gebied.

Die probleem is nie god wat voedsel skep nie, maar goddelose mense wat voedsel wil beheer as 'n magsmiddel. Kos is hulle mag om vir hul 'n posisie te skep van guns en gawes, so asof hulle die mag het om mense te gee wat hulle nodig het.

Dit is presies wat Herodus met sy fees-ete demonstreer het: jy sal eet omdat jy die heersers vir hulle absolute mag vereer en sy sal honger sterf soos Johannes die Doper as jy hulle oor hulle sondes aanspreek.

Ons leef in Christus se sorg, nie die wêreld se guns nie

Wie se kos eet ons elke dag?

Die magtiges wie se guns ons moet soek vir kos as hulle gawe aan ons of die Here Jesus wat as Skepper ons daaglikse brood vir ons gee?

7. By wie se tafel sit ons aan vir ete?

Die evangelis Matteus wys die kontras tussen die ete van die wêreldheerser en die ete van die Here Jesus Christus uit deur die verskil te wys tussen hulle wat “aanleun” vir ete (14: 9) en hulle vir wie die Here sê om op die gras te gaan sit vir aandete. (14: 19) Hulle wat as begunstigdes by die Romeinse by tafels lê en uitspattige disse eet en hulle wat as gemeenskap sit en hul daaglikse brood eet!

Daarmee word openbaar wat kos is. Kos is nie die magsimbool van die magtiges nie, maar die voeding van die Here in sy sorgsame goedheid. Gelowiges in diens van die Here eet hul daaglikse brood as goeie gawe in sorgsaamheid van die Here. Vir die goddeloses egter is kos en drank die middel waardeur hulle hul mag laat geld: Ek kry wat ek begeer en gee vir jou wat jy begeer – met gunste en gawes, en ons maak die profete van die Here se dood ‘n dis in ons magsvertoon.

Wat Herodus met Johannes die Doper gedoen het, het Pilatus met die Here Jesus Christus gedoen: “Wie wil julle hê moet ek vir julle vrylaat?” ‘n Regter wat nie geregtigheid volgens reg en verkeerd laat geskied nie, maar die mag vertoon dat hy die mense kan gee wat hulle begeer. (Mat.27: 17) en mense wat valslik maak asof hulle die keiser vereer vir die guns om Jesus te mag vermoor. “Die leierpriesters het geantwoord: “Ons het nie ‘n koning nie, slegs die keiser.” Joh. 19: 15) Gunste en gawes! So word Pilatus ook in sy eie magsvertoon, net soos Herodus met Johannes die Doper, verstriek om die Here, oor wie die profeet getuig het, ook onskuldig oor te lewer om vermoor te word.

Sit ons aan by die weelderige tafels van die heersers wat die dood van die profete en die Here met hulle kos en drank vier of sit ons aan die tafel aan waar die Here wat vir ons sondes gesterf het, ons ons daaglikse brood voorsien? Eet ons die gawes vir hulle vir wie ons gunste moet doen of eet ons die kos wat die Here in sy sorgsame goedheid aan ons voorsien?

Wiens brood mens eet, diens woord mens spreek!

8. In die Levubuvalei sien ons elke dag die verskil tussen hulle wat hul daaglikse brood van die Here vra en hulle wat kos as magsmiddel gebruik. Hoekom dink u is die staatsplase so tussen die privaatplase so verval? Plase wat kos geproduseer het wat nou weer net bosse is! En steeds gee die regering elke jaar vir hierdie bosse aanhoudend geld vir kosproduksie wat nooit gebeur nie. En hulle is goed ingelig dat die plase nou net bosse is.

Wat sien ons voor ons oë gebeur?

Dat magtiges nie plase vat om kos te produseer nie maar om voedselvoorsiening te wil beheer. Dit is hoe hierdie goddeloosheid in sosialisme werk – jy kan net eet as jy

Ons leef in Christus se sorg, nie die wêreld se guns nie

aan die staat gedienstig en onderworpe is. So kan Noord Korea moderne supersoniese missiele en kernbomme vervaardig maar nie kos aan mense voorsien nie – want hulle wil nie. Honger mense is gedienstige en afhanklike mense! En dit is waarom die dreigende voedsel nood in ons eie land ook gaan “wiens brood mens eet, diens woord mens spreek.” Magtiges skep ‘n mensgemaakte voedsel tekort om mense afhanklik aan die mag van magtiges te maak!

In hierdie magspel wat elke dag voor ons oë afspeel tussen boere se plase wat voedsel produseer en staatsplase wat net bosse is, staan ons as Christene voor die geloofsuitdaging: wie se kos gaan ons eet? Hulle wat wys hulle kan ons gee wat ons begeer as ons hulle gee wat hulle begeer of Hy wat ons koester in sy sorgsame goedheid as Here en ons ons daaglikse brood gee?

By wie dink u vind ons innige jammerte en wie het geen gevoel vir ons nie? Dit wys in die uiteinde van Herodus en Herodias. In haar jaloesie op haar broer Agrippa het sy Herodus aangepor om meer gawes van keiser Caligula te eis en so het hulle sy onguns verloor en het hy hulle verban om op ‘n plek, in ons verwysingsraamwerk, soos iewers in die Kongo te begaan bly. By wêreldheersers kry jy net gawes vir gunste, nooit enige sorgsame liefde nie.

Ons leef in ons land in Jesus Christus die Here se sorg, nie wêreldheersers se guns nie. Kom ons bid hom om ons daaglikse brood en leef in sy sorgsame liefde diensbaar aan Hom alleen.